Tema: Dien God deur jou naaste hartlik en opreg lief te hê!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 200:1, 3
Lied 334: 1, 2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 116-1: 1, 5, 10
Votum
Seën
Loflied Sb 2-4: 1, 3
Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicéa

Verootmoedigingsdiens
Wet: 1 Joh. 4: 7 – 21
Sing as antwoord op die wet: Sb 9-3: 1
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Hebreërs 12: 28 – 13: 6 Teksverse: Heb. 13: 1
Sing: Sb 15-1: 1, 2, 3
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing: Sb 14-1: 3
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 9-4: 1, 5, 6
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Wat is die grootste nood van die mensdom? Wat het die wêreld die meeste nodig? Waarmee dink julle sal ons as kerk die grootste verskil in die wêreld kan maak? Kyk jy na wat mense aanvang, wat mense aan hulleself doen, hoe mense met mekaar omgaan en wat mense aan mekaar doen – dan kan jy net tot een konklusie kom! Die wêreld se grootste nood is dat mense mekaar moet liefhê

God weet dit! Die oomblik toe Satan en sonde in die paradys instap het liefde vir mekaar as't ware by die deur uitgestap! God het dit raakgesien en Hy wou sy liefde vir die mensdom gee! Ons lees in Johannes 3: 16 dat God hierdie sondeverlore wêreld en sy mense se nood gesien het en dat Hy ons so liefgehad dat Hy Christus in hierdie wêreld stuur om sy liefde hier bekend te kom maak.

En ons Here Jesus het ons kom wys en leer wat God se liefde vir mense is! Liefde is opoffering en prysgawe! Dit is om jou lewe vir ander af te lê soos Jesus in liefde vir ons gedoen het. Die skrywer van die Hebreërsboek het dit breedvoerig en in diepte vir ons uiteengesit! Dat Christus die volmaakte Hoëpriester is deurdat Hy nie diere geoffer het om vir ons sonde te betaal nie, maar dat Hy Homself geoffer het en so sy liefde aan ons bewys het!

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy sy dissipels geleer dat die een groot en kenmerkende eienskap van Christene hulle liefde vir mekaar en vir die wêreld moet wees! Liefde maak die grootste verskil!

Dis immers die groot gebod van God aan sy kerk: Dat ons God moet liefhê en dat ons mekaar moet liefhê – ons het dit vanmore gehoor in die wetlesing!

Om hierdie rede, geliefdes, kan die Hebreërsskrywer ook nie anders as om – wanneer hy nou hier aan die einde van sy preek kom, nou dat Hy klaar God se liefde in Christus vir ons getoon het, ook ernstig oor die opdrag tot naasteliefde te praat nie! As jy die wonderlike genade en liefde wat ons volmaakte Hoepriester vir ons verdien het, verstaan, dan kan jy nie anders as om ook lief te hê nie!

Daarom roep hy sy lesers en vir ons op: Dien God deur jou naaste hartlik en opreg lief te hê! Dit is God se opdrag aan ons in antwoord op sy liefde! Dis waaroor hierdie boodskap gaan

Ons het verlede Sondag gehoor dat God 'n Heilige God is en dat ons na Hom moet luister en Hom met dankbaarheid en eerbied moet dien. Die woord "dien" wat in hf 12:28 gebruik word, is die woord waarvan ons woord "liturgie" afgelei word. "Liturgie" is die diens wat ons hier in die erediens aan God bring. Kyk na die 4 "dienste" van ons liturgie vir vandag.

Br en sr, ons eerbiedige en dankbare diens aan God moet egter verder gaan as net hier in die erediens! Ons diens aan God moet veral in die "erediens van die lewe"

gebeur! Daar waar ek en jy in die praktyk van ons lewe elke dag lewe – daar moet ons liefde skitter! Tussen mense en in verhouding met mense moet ons liefde so skitter dagt God daardeur verheerlik kan word! Dit is die erediens van die lewe!

Die skrywer gee hier in Heb 13: 1 – 6 verskillende opdragte aan die lesers wat telkens met liefde tot jou naaste verbind kan word.

Hy begin in vers 1 deur te verwys na ons liefde as gelowiges vir mekaar. Die woord is letterlik "broederlike liefde". Dit dui op ons liefde as geloofsgemeenskap vir mekaar! Die feit dat ons almal God as Vader het, verbind ons so nou aan mekaar vas dat ons mekaar soos broers en susters moet liefhê.

Teenoor die wêreld met sy liefdeloosheid en haat, moet die kerk, die gemeenskap van gelowiges, die plek wees waar mense ware liefde en omgee vir mekaar moet ervaar. Die kerk, elke gemeente, ons gemeente moet die vergestalting wees van Goddelike liefde! Net so anders as wat Jesus hier in die wêreld kom optree het met sy liefde – so moet ons liefde vir mekaar weer! Dit moet vir almal duidelik wees! Dit moet as't ware soos ŉ lig in die donker wêreld wees!

Liefde waarmee ons mekaar help, bystaan, vir mekaar omgee, vir mekaar opoffer en alles doen wat God ons beveel het. Ons liefde as gelowiges vir mekaar moet so kontras met die wêreld vorm – dat dit juis mense van buite kan nader trek en by die Here kan uitbring!

Ons weet dat die mense aan wie die Hebreërspreek gerig was, deur vervolging en beproewing gegaan het. Dikwels kan swaarkry mense opself rig! Dat mens net vir hulleself begin leef en nie meer na ander uitreik en vir mekaar opoffer nie! Ons het iets hiervan in die Covidtyd beleef! Dat mense net op hulle eie oorlewing gefokus het. Daarom dat die skrywer die lesers aanmoedig! Liefde vir mekaar moet altyd daar wees – ten spyte van eksterne omstandighede! Ons mag mekaar nooit los of indiwidualiste leef nie! Dit spreek teen alles wat Jesus vir ons kom doen en leer het.

Hierdie naasteliefde wat ons moet uitleef in diens van God moet in die tweede plek ook wyer gaan. Daarom moedig die skrywer ons in vers 2 aan tot gasvryheid teenoor alle mense! Om gasvry,vriendelik, behulpsaam en liefdevol teenoor alle mense op tree – selfs ook vreemdelinge! Gasvryheid is immers om met ŉ oop gemoed en met opoffering ander mense tot hulp te wees en hulle in hulle nood te help.

Die verwysing na mense so gasvry teenoor vreemdeling was sodat hulle sonder dat hulle dit besef het, engele as gaste gehuisves het, dui waarskynlik op die gebeure in Genesis 18 waar Abraham deur sy gasvryheid drie mans gehuisves het en waarvan een die Here in die gedaante van ŉ mens was.

In die tyd van die Nuwe Testament het gelowiges baie staat gemaak op die gasvryheid van ander gelowiges om hulle by te staan wanneer hulle op reis was. Vanweë vervolging was gelowiges op mekaar aangewese wanneer hulle op reis was vir veilige

oornag en versorging. In 3 Joh 1 moedig Johannes juis vir Gaius aan om sulke gasvryheid aan mense te bewys wat rondgaan om die evangelie te verkondig!

Geliefdes, ken die mense ons in ons omgewing aan ons gasvryheid? Sien hulle hoe ons bereid is om te help as daar nood is? Selfs as ons mekaar nie ken nie? Of sien hulle in ons mense wat niks of niemand raaksien nie en by mense in nood verbystap? Was die barmhartige Samaritaan in Jesus se verhaal nie ŉ voorbeeld van ware gasvryheid nie? Om iets vir jou naaste te doen sonder dat jy vergoeding verwag?

Br en sr, met my en jou gasvrye optrede dien ons God met dankbaarheid! Dan kan God se liefde gesien en beleef word! Dan word God verheerlik. Mag ons in ons gemeenskap geken word as mense op wie se knoppie ander kan druk – om hulle te help!

Die derde plek waar ons liefde vir mense gesien moet word, is in die wyse waarop ons mense wat in spesifieke nood is, bystaan. Die skrywer verwys hier na mense wat in gevangenis is en mense wat liggaamlik mishandel word. Ons moet hulle so help asof ons die mishandeling aan ons eie lyf voel!

Geliefdes, hierdie opdrag van die Here om so ons liefde te betoon, roep vandag om uitgeleef te word. Kyk maar net na die nood van mense rondom ons! Daar is sovele nood van armoede, van mishandeling, van verwerping, van mense wat niks of niemand het om hulle te help nie! Dis waar ons as kerk van die Here moet skitter in ons liefde en ons ons liefdebetoning asof dit aan ons gedoen word! Met empatie en toewyding? Is dit waar van ons as gelowiges en van ons as kerk?

En onthou: ek en jy is die kerk! As ek en jy nie so by die nood van die wêreld betrokke is en net ons klein deeltjie doen nie, dan is die kerk afwesig! Ons moet nie na die gemeente kyk en die gemeente of die kerk kwalik neem as ons voel die kerk is afwesig by die nood van die wêreld nie! Daar waar ek en jy nood aanspreek – al is dit net met een mens of op een plek – daar skitter die liefde van die Here! Daar is jy as kerk betrokke!

Kom ons vra dan in alle erns vanmore vir mekaar: wat doen ek en jy persoonlik aan die nood rondom ons? Skitter die Here se liefde daar?

Die vierde alledaagse plek waar ons liefde vir mekaar duidelik gesien moet word en waar ons die Here dien, is in die huwelik! Hoekom kies die skrywer dan juis die huwelik as plek waar ons liefde gesien moet kan word? Want die huwelik vorm die hoeksteen van mense se saamlewe met mekaar! Dit wat in die huwelik gebeur word uiteindelik in die samelewing gereflekteer! As die huwelik in liefdeloosheid verval, verval die samelewing se liefde vir mekaar!

Die huwelikslewe van gelowiges waar ŉ man en vrou mekaar respekteer en getrou aan mekaar leef, dit is ŉ voorbeeld van ware liefde! God het die huwelik bedoel as ŉ verhouding van getrouheid tussen twee mense waar hulle juis opofferend hulle liefde

bewys deur ander mense uit te sluit! Deur nie ontrou teenoor mekaar op te tree met buite-egtelike verhoudinge en ’n sedelose lewe nie! Maleagi beskryf huwelikontrou as geweld. Dit verwoes die liefde! Dit verwoes die samelewing.

Br en sr, hierdie opdrag van die Here tot ware liefde in die huwelik roep ons almal op om ons huwelike as kosbaar te bewaar. Die woord in vers 4 wat met “eerbaar” vertaal word, dui op die gesindheid waarmee mens iets wat kosbaar is, bewaar! Juis in die wêreld waarin ons vandag leef, waar die huwelik tot iets nietigs deur die wêreld verklaar word! Mens leef buite die huwelik en tree sedeloos op! Die huwelik word verwoes deur ontrou en buite-egtelike verhoudinge. Mense skei amper nog voor hulle trou!

Ons diens aan die Here sal vir almal duidelik word waar gelowiges die huwelik as iets kosbaars beskou en hulle liefde daar vir mekaar betoon! Kom ons koester ons huwelike – moenie toelaat dat enige iets of enige iemand, emosioneel of op een of ander fisiese wyse jou huwelik bedreig nie! Moenie toelaat dat werk of tyd of kinders jou huwelik onder stres plaas of dalk laat verbrokkel nie! Hou jou huwelik as iets kosbaars in stand – dit is jou dankbare diens aan God – elke dag – daar waar jy en jou huweliksmaat saam lewe!

Die laaste opdrag hou ook met liefde verband! Maar nou in ’n negatiewe sin. Letterlik staan daar in vers 5: moenie leef met liefde vir silwer nie! Hou jou lewe vry van geldgierigheid!

Brs en srs, is dit nie nog ’n opdrag wat diep tref in die hart van ons samelewing vandag nie! Geld het die spil geword waarom alles draai. Geld het die motief geword van en vir baie dinge wat mense doen! Wat ek en jy doen!

Geld het die hoop van die wêreld geword! Is dit ook my en jou hoop! Of is ons vertrou op God gerig? Dat Hy vir ons sorg. Die skrywer haal uit Josua 1 aan waar die Here vir Josua belowe dat die Here hom nooit sal verlaat nie en dat die Here hom altyd sal help! Die skrywer maak dit dan vantoepassing op ons versorging!

Glo ek en jy dit nog! Glo ons nog en leef ons elke dag met die wete dat die Here sal sorg? Dis hoe ons die Here dankbaar en met eerbied dien – ook in ons werk en in ons verhouding met geld! Dit is hoe ons liefde vir die Here blyk: in die manier waarop ek en jy Hom vertrou vir ons versorging! Dat ons ook soos die skrywer aanhaal uit Ps, 118 kan sê: ek is nie bang nie – die Here sal sorg!

Ons liefde vir die Here skitter wanneer ons tevrede is met die aardse goed wat Hy vir ons gee! Soos Dawid in Ps 23 sê: ek kom niks kort nie! Ek is tevrede!

Geliefdes, is ons tevrede? Of is daar hier ons hart ’n gat wat ons voortdurend met geld en aardse goed wil volmaak voor ons tevrede is? Ja, so in die wyse waarop ons ons werk doen, in die wyse waarop ons elke maand ons salaris ontvang asof uit die hand

van die Here, daar dien ons God met eerbied en dankbaarheid – daar word ons liefde vir Hom sigbaar!

Geliefdes, kom ons vat saam: die Here Jesus het vir ons die grootste gawe verwerf wat enige mens op aarde kan begeer: die liefde van God ons Vader! Dit wat ek en jy die nodigste gehad het, dit het ons ontvang! Dat ons nou in die liefde van God kan leef. Ons kan dit nie verkry of verdien nie! Christus het dit vir ons verwerf! Hy is die Hoepriester wat sy lewe afgele het sodat ek en jy dit vandag kan besit!

Wanneer die Here ons dan vanmore oproep om Hom met eerbied en dankbaar te dien met ons naasteliefd, dan is dit nie sodat ons iets by Hom kan verdien nie! Dit is nie iets wat ek en jy moet verkry nie! Ons het dit reeds ontvang! Ons leef reeds in die heerlike en ewige liefde van God ons Vader! Christus het dit vir ons gee! Dit was die blye boodskap wat God vir ons in die boek Hebreërs wou kom sê! Dit is God se praat deur Jesus Christus!

Al wat ek en jy nou moet doen: is om daardie liefde uit te deel! Aan alle mense! So dien jy die Here met dankbaarheid en eerbied!

Amen